

# *Sakkie Parsons E-Pos Bediening*

*Webtuiste. [www.sakkieparsons.co.za](http://www.sakkieparsons.co.za)*

*My blog <http://www.eposbediening.blogspot.com>*

*E-pos: [sparsons@absamail.co.za](mailto:sparsons@absamail.co.za)*

*Sel: 083 457 6669*

## *AS DIT LYK OF GOD NIKS DOEN NIE. 1 VAN 2.*

My uitsluitlike doel met hierdie skrywe, is om iemand êrens te help om nie in wanhoop te verval of om 'n kompleks te kry omdat dit vir jou lyk of God nie na jou luister nie.

Ek sê weer soos ek vantevore gesê het.

God antwoord altyd sy kind en al lyk dit vir my of God niks doen nie, God doen altyd iets, selfs as dit lyk of Hy niks doen nie.

Lees gou hier.

***MAT 4:12*** En toe Jesus hoor dat Johannes in die gevangenis gesit was, het Hy na Galiléa teruggegaan.

***MAT 4:13*** En Hy het Násaret verlaat en gaan woon in Kapérnaüm aan die see, in die gebied van Sébulon en Náftali,

Wie is hierdie Johannes wie Jesus skynbaar sommer net so in die tronk los sonder om iets aan die saak te doen?

God self getuig in Sy Woord van hom:

***MAT 11:7*** En toe hulle vertrek, begin Jesus vir die skare aangaande Johannes te sê: Wat het julle uitgegaan om in die woestyn te aanskou? 'n Riet wat deur die wind beweeg word?

***MAT 11:8*** Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Man met sagte klere aan? Kyk, die wat sagte klere dra, is in die huise van konings.

***MAT 11:9*** Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Profeet? Ja, Ek sê vir julle, ook baie meer as 'n profeet!

***MAT 11:10*** Want dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak.

***MAT 11:11*** Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie; maar die kleinste in die koninkryk van die hemele is groter as hy.

***MAT 11:12*** Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormer gryp dit met geweld.

***MAT 11:13*** Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer.

'n Mens sou nou ook kon sê, dat dit nou wel goed is om te praat oor Johannes se grootheid en goeie hoedanighede maar dit gaan nie help dat hy sy kop gaan verloor nie en dit het ook nie.

**MAT 14:3** Want Herodes het Johannes gevang, hom geboei en in die gevangenis gesit vanweë Heródias, die vrou van Filippus, sy broer.

**MAT 14:4** Want Johannes het vir hom gesê: Dit is u nie geoorloof om haar te hê nie.

**MAT 14:5** En hoewel hy hom wou doodmaak, het hy die skare gevrees, omdat hulle hom vir 'n profeet gehou het.

**MAT 14:6** Maar by die viering van die verjaarsdag van Herodes het die dogter van Heródias voor hulle gedans en Herodes behaag.

**MAT 14:7** Daarom het hy met 'n eed beloof om haar enigiets te gee wat sy sou vra.

**MAT 14:8** Toe sê sy, nadat sy deur haar moeder aangehits was: Gee my hier op 'n skottel die hoof van Johannes die Doper.

**MAT 14:9** En die koning het treurig geword, maar ter wille van die eed en die feesgenote het hy beveel dat dit gegee moes word.

**MAT 14:10** En hy het gestuur en Johannes in die gevangenis onthoof.

Kom ons gaan net gou 'n bietjie terug, na voor Johannes onthoof gewees het, want ek wil jou iets belangriks in sy geskiedenis wys, wat ek en jy moet onthou en wat ons moet uitlewe totdat die uitkoms vir ons omstandighede volgens God se wil daar is.

**MAT 11:2** En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur

**MAT 11:3** en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?

**MAT 11:4** En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien:

**MAT 11:5** blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig.

**MAT 11:6** **En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.**

'n Nuwer vertaling stel Mat. 11-6 so:

**MAT 11:6**

Sê dan ook vir hom: 'n Mens wat nie oor My twyfel nie, kan bly wees.'

Jy sien, Jesus het geweet, dat selfs die figuurlik grootste mens wat al gelewe het, kan ook twyfel en daarom sê hy vir Johannes se dissipels, dat as hulle klaar vir Johannes vertel het, alles wat hulle gesien het, moet hulle ook vir hom sê:

Johannes jou God en Verlosser sê.

Moet nie twyfel of aanstoot neem nie en jy sal op die ou end rede hê om bly te wees, oor dit wat met jou gebeur het.

Toe verloor Johannes sy kop.

Hoe op aarde kan 'n mens bly wees oor so iets wat met jou gebeur?

Kom ek wys jou hoe ek dit sien.

As jy net nadat Johannes se kop afgekap was vir hom sou vra:

“Johannes, as jy jou lewe oor kon hê, sou jy nie liever dat hulle jou kop nie afgekap het nie en jy 'n lekker lang lewe en 'n natuurlike dood, miskien lekker in jou slaap wou gehad het nie?”

Ek dink sy antwoord sou iets soos die volgende gewees het:

“Jy is lekker laf! En dan nie so gou in die hemel gewees het nie en die voorreg verbeur het om Jesus te verwelkom nadat Hy Sy verlossingswerk op aarde voltooi het?!”

Ek ken nie jou omstandighede nie, so ek gaan myself as voorbeeld gebruik.

Ek weet nie hoekom ek as blinde deur die lewe moet gaan nie maar ek weet Jesus sê in Sy Woord:

Salig is ek as ek nie vir Hom kwaad word nie. Ja, ek sal bly wees dat ek dit nie doen nie!

So, elke dag gryp ek my kruis en storm die dag in wetende, soos daardie woorde van my groot held Paulus, wat hy onder lyding van die Heilige Gees geskryf het en wat ek my leuse in die lewe gemaak het sê:

**ROM 8:28** En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

As dinge party dae bietjie rof gaan, gaan staan vir ‘n oomblik stil en draai in die gees om na satan toe en sê vir hom:

“In die Naam van Jesus satan, gaan weg van my af, ek is op my pad hemel toe!”

Tel dan weer jou kruis op en sê vir jouself:

**HEB 12:1** Daarom dan, terwyl ons so ‘n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê,

**HEB 12:2** die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.

**Judas 1:24-25** *Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig, 25. aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou tot in alle ewigheid! Amen.*

Groete  
Sakkie

*Indien u hierdie e-pos lees en wel gereelde e-pos van my wil ontvang, stuur asseblief u volle e-pos adres in die "subject box" na [sparsons@absamail.co.za](mailto:sparsons@absamail.co.za)*

***Moet asseblief nie 'n leë e-pos stuur nie.***

*Aangesien ek blind is en gebruik maak van 'n sagteware program waar die rekenaar met my praat, sal ek nie weet of dit 'n foto of leë e-pos is wat ek ontvang nie. In albei gevalle sal my rekenaar net stil bly.*